## Oor die voedingsvoorskrifte van Moses

**111** Cyrenius voeg daaraan toe: "Dit verwonder my al dat U leerlinge dit nie sou verstaan nie, terwyl ek en beslis alle ander dit baie goed verstaan het! Maar, o Meester, omdat U nou tog in die stemming is om sake duidelik te maak wat vóór U nog nooit deur iemand uitgelê is nie, sou ek graag van U wou hoor wat dan by die Judeërs die betekenis is van die verbod om onrein kos te gebruik, en om sekere dinge wat as onrein verklaar is, aan te raak! Ons heidene eet alles en word tog volgens ons leer nie onrein nie! Die ou Egiptenare het ook alles geëet wat met die verloop van tyd en deur ondervinding maar eetbaar geblyk het en van verontreiniging is aan my niks bekend nie – inteendeel, ek weet uit die geskiedenis dat Egipte baie rein en waarlik groot geeste voortgebring het; ook by ons Romeine kom dit in alle tye voor. Waarom moes die Judeërs nou juis allerlei onrein voedsel ontbeer?"

[2] Ek sê: "Omdat hul geslag, afstammend van Adam, van bo was, en tot op die huidige tyd vir die grootste deel nog is, en daartoe bestem was dat Ek in hulle midde in die wêreld, en in hierdie materie kon kom tot verlossing van alle skepsele. Jy het tog gehoor hoe die materie nou in sy geheel deur My geseën en gewy word, omdat ook Ek Myself in die materie gehul het?! In jou hart stem jy daarmee saam! Kyk, vóór My koms na hierdie aarde toe, soos wat jy nou weet, lê in `n meerdere of mindere mate die vloek daarop - nie omdat Elohim haar sou vervloek het nie, maar omdat sy deur eieliefde, selfsug, hoogmoed en heerssug as `n saamgeklonte, geestelike geheel haarself tot vloek geword het!

[3] Daar was en is in die materie egter nogtans verskillende grade en trapsgewyse verskille tussen baie, meer, minder en byna geen hardheid nie. Hoe harder `n bepaalde materie egter is, des te wilder en op sigself onreiner is dit ook, omdat die geeste wat daarin saamgeklont is, verhoudingsgewys ook des te meer uit die bekende onkruid bestaan.

[4] Die diere wat hulle dadelik, toe hierdie aarde bevolk word, by die mense gevoeg het - soos die bees, die skaap, die bok, en van die voëls die hoender en die duif - is beslis van suiwerder aard en het `n sagter karakter en hul vleis is die verdraaglikste vir die mens wat van bo kom, sekerlik weens die reiner bewaring van die siel; selfs hierdie diere moes volkome gesond wees en mag hulle ook nie in die bronstyd geslag word nie, omdat in dié tyd ook die andersins rein dier onreiner is.

[5] Daar het egter naderhand ook nog ander diere hulle by die mens gevoeg- soos die perd, die donkie, die kameel, die vark, die hond en die kat - maar reeds van die begin af tog meer by die kinders van die wêreld, terwyl slegs met die uitsondering van die esel en later ook die kameel voorheen genoemde diere nie naasteby op vriendskaplike voet met die Judeërs gestaan het nie, en dit is teenswoordig nog so.

[6] Nog steeds het `n egte Judeër `n bepaalde angs vir `n perd en `n hond, is geen vriend van `n kat nie, en vertrou `n kameel ook nie so baie nie. Die mak water-voëls staan hom teë en die kalkoen en die pêrel-hoender (tarentaal) kan hy vir geen geld in die wêreld verdra nie, en dit sal nog lank duur voordat hy `n vriend van hierdie diere sal wees. Hulle staan die Judeërs ontsettend teë, terwyl die Grieke en ook julle Romeine dit lankal as lekker braaivleis beskou.

[7] Van nou af aan staan sake sekerlik algeheel anders, en hulle sal nog baie anders staan as Ek eenmaal na My huis vertrek het! As teken van dit alles, sal Ek nadat Ek teruggekeer het, in die groot tuin van broer Cornelius aan een van My leerlinge, wat nog `n ortodokse Judeër van die ou stempel is, aandui welke kosse in die vervolg sonder enige beswaar geëet kan word.

[8] Nou het Ek jou ook die agtergrond van die Mosaïese eetvoorskrif vir die Judeërs aangedui, en jy en julle almal sal dit nou wel goed verstaan! Daarom is dit nou tyd om oor te gaan na dít waarvoor ons onsself eintlik en hoofsaaklik op hierdie berg begeef het!"

## Voorspelling van die huidige openbaringe

**112** (Die Meester:) "Ek het gesê dat julle die mees buitengewone wonderlike dinge sal sien, maar afge-sien van ligsfeer wat uit die vlaktes en berge deur RafaEl hierheen gebring is vanuit die binneland van Afrika, het daar nog niks verder gebeur nie, hoewel middernag reeds verby is. Ook het Ek julle vroeër meegedeel dat Ek julle oë vir `n kort tydjie sou open, sodat julle vir `n slag eerstehands kan sien hoe dit nou eintlik in die wêreld daar lyk.

[2] Maar voordat Ek dit nou doen, sê Ek en dit beveel Ek julle almal selfs, dat julle beslis aan niemand iets van wat julle gesien het, sal vertel nie, want dit sal nog baie lank duur voordat die wêreldse mensdom ook maar enigsins ryp sal wees daarvoor, en dit is eintlik ook vir hulle sieleheil glad nie nodig dat die wêreldse mensdom so-iets te wete kom nie! As hulle maar hul uiterste bes doen om Elohim bo alles, en die naaste soos hulleself lief te hê, sal al die andere en verdere wel sonder meer aan hulle, vir sover nodig, geopen-baar word.

[3] Maar julle wat die eerste steunpilare van My leer is, moet vir julleself in die geheim baie meer te wete kom as al die ander saam, sodat julle na enige tyd lank tog nie in versoeking sal kom om van My leer afvallig te raak nie.

[4] Tog sal al hierdie kennis nie verlore gaan nie en as daar, vanaf nou gereken,`n duisend en nog nie heeltemal `n duisend jaar sou verloop het nie, en My leer byna heeltemal in die vuilste materie begrawe sal wees, **sal Ek wel in dié tyd weer manne opwek wat dit, wat hier deur julle en deur My bespreek word en wat gebeur het, woordeliks sal opskryf, en in `n groot boek aan die wêreld sal deurgee, waardeur die oë van baie geopen sal word!"**

*[5] **NOTA BENE**: "Jy, My kneg en skrywer (Lorber), dink nou dat Ek destyds nouliks iets daaroor sou gesê het?! Wil jy dan ook so swak in die geloof word soos wat jy nog in jou liggaam is?! Kyk, Ek sê vir jou dat Ek selfs jou naam en meer name van ander aan Cyrenius en Cornelius genoem het, en dat hulle nou ook met baie blydskap getuie is van dít alles wat Ek jou nou laat neerskryf. Maar aan die einde sal Ek ook aan jou die name van mense bekendmaak wat, gereken vanaf nou, binne twee duisend jaar nog groter dinge sal opskryf en verrig as wat jy nou doen! - Onthou dit eerstehands en skryf alles in die volste geloof neer!"*

[6] Cyrenius is hoogs verbaas daaroor, en Cornelius vra My meer uit oor die manne aan wie dit gegee sal word.

[7] En Ek gee hul gegewens oor die burgerlike stand en die karakter, en noem selfs die name en voeg daaraan toe: "Eén van hulle, aan wie wel die meeste geopenbaar sal word, meer as nou aan julle almal, sal in manlike, reguit lyn afstam van Josef se oudste seun en dus **ook liggaamlik `n egte nakomeling van Dawid wees.** Hy sal weliswaar net soos Dawid swak wees na die vlees, maar daarvoor geestelik des te sterker! Dit gaan met hulle goed wat hom sal hoor en hul lewens daarvolgens sal rig!

[8] Maar ook die ander belangrike geroepenes sal merendeels van Dawid afstam. Want hierdie dinge kan slegs aan hulle gegee word wat self liggaamlik daarvandaan kom waar ook Ek liggaamlik vandaan kom; want ook Ek stam deur Mirjam, die moeder van My liggaam, van Dawid af, **omdat Mirjam ook `n volkome suiwer dogter van Dawid is**. Weliswaar sal hierdie nakomelinge van Dawid hulleself in dié tyd **hoofsaaklik in Europa bevind**, maar daarom sal hulle nogtans heel suiwer en egte nakomelinge van die man na Elohim se hart wees, en in staat om die groot ligkrag uit die hemel te dra. Op `n aardse troon sal hulle wel nooit kom nie, maar des te meer sal daar in My ryk trone op hulle wag, en Ek sal My broers altyd gedenk! Ook die meeste van My leerlinge wat hier is, stam in manlike linie van Dawid af en is daarom liggaamlik in alle erns My broers, behalwe die een wat nie van bo, maar suiwer van hierdie wêreld afkomstig is. Hy hoort weliswaar nie daarby te wees nie, en tog moet hy wel weer daarby wees, sodat dít wat geskryf staan, vervul kan word!"

[9] Cyrenius sê heel verwonderd: "Dus, slegs aan die nakomelinge van Dawid sal U altyd U wil openbaar? Is Mathaël, Zinka en Zorel dan ook nakomelinge van die groot koning? Want aan hulle openbaar U nou tog ook dieselfde as aan die nakomelinge van Dawid!"

[10] Ek sê: "Vriend, hier geskied dit nie langs die weg van geheime openbaring nie, maar deur die woord wat in die openbaar gespreek word en wat vir elke liggaamlike oor goed waarneembaar is! Maar dit is heelwat anders om die geheime, innerlike woord te hoor wat uit My hart in die hart kom van **die een wat dit in homself hoor;** en daarvoor moet daar al `n bepaalde, voorbereide lyn van mense wees wat innerlik in staat is om die almag en onbeperkte krag van My Woord te verdra! Want elkeen wat nie daarop voorbereid is nie, sou al deur één jota wat regstreeks van My afkomstig was, vernietig en gedood word. Sodra dit egter geskryf is, mag mense met `n goeie wil en goeie bedoelinge dit wel lees; dit sal hulle nie slegs nie dood nie, maar versterk en krag gee vir die ewige lewe.

[11] Maar as slegte, wêreldse mense dit sou lees om dit te bespot, sou dit hulle ook, hoewel dit slegs geskryf is, vernietig en dood! - Nou weet jy ook hoe hierdie sake staan; en Ek sê nou dat julle jul gereed moet hou om die wonders van die wat word, die wat is en die wat ewig bestaan te aanskou!"

[12] Cyrenius sê: "Meester, ons is wel gereed om te aanskou wat U groot en besondere barmhartigheid ons sal bied; maar ek sou graag eers nog voor dit `n baie kort vraag deur U beantwoord wou kry as dit moontlik was!"

[13] Ek sê: "Vra maar en Ek sal jou antwoord!"